# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (45/10)*

*Justin Chadwick (19 November 2010)*

GESEGDE VAN DIE WEEK ***"You have enemies? Good. That means you've stood up for something, sometime in your life" Winston Churchill***

## SUID-AFRIKAANSE BOER VAN DIE JAAR

Dit blyk dat Gerrit en All van der Merwe (ALG Landgoed) nie net die wenners van die Wes-Kaapse Boer van die Jaar Toekenning vir 2010 was nie – maar ook van die NASIONALE KOMPETISIE. Dit is fantasties vir die sitrusprodusente dat iemand uit hul geledere erkenning kry – baie geluk!!!

## TERUGVOERING-SESSIES – POMELO'S

Volgende week gaan ek en Jeff McNeil na die areas waar pomelo's verbou word reis om terugvoering oor die promosies in 2010 (VK en Japan) asook die Japan-koördineringsinisiatief te gee. Nadat daar sorgvuldig na RED Communications se terugvoering oor die VK-veldtog gekyk is, is dit duidelik dat daar 'n opflikkering was in die verkope van die vier kleinhandelaars wat vir hierdie jaar se veldtog gekies is. Die klem was op proeë binne die winkel en die reaksies van die klante het vir interessante leesstof gesorg. Meeste van die kommentaar het oor die verfrissende smaak van die vrugte gehandel en hul was aangenaam verras met die smaak. Die kern-en steenvrugbedrywe gaan in 2011 met hul veldtog in die VK voort – dit word slegs hier en daar aangepas om voort te bou op daardie dinge wat hierdie jaar gewerk het en om daardie wat minder positewe resultate opgelewer het te staak. Hierdie veldtogte word deur 'n statutêre heffing befonds. Die druiwe-veldtog in 2010 is nie deur 'n statutêre heffing befonds nie en SATI het besluit om hul VK-veldtog te staak. Pomelo-produsente sal die geleentheid gegun word om die plasing van 'n 2011–veldtog te her-evalueer. Alle pomelo-produsente word versoek om die vergaderings by te woon, om die aanwending van hul fondse te evalueer en om te help met die beplanning vir die toekoms.

Die volgende vergaderings is gereël: Maandag 22ste November **NKWALINI** 10:00 @ Nkwalini Farmers Hall; Dinsdag 23ste November **ONDERBERG** 09:00 @ Malelane Sitrus Koop se Kantore; Woensdag 24ste November **HOEDSPRUIT** 09:00 @ Hengelklub; Woensdag 24ste November **LETSITELE** 15:00 @ Letaba Junction. Die agenda sluit in terugvoering oor die Japanese pomelo-promosies, VK pomelo-promosies, koördinering van verskeping na Japan en beplanning vir 2011. Op Dinsdag 25 November gaan Jeff na Kaapstad reis om met die uitvoeragente te vergader.

### RENTEKOERS VERLAGING

Die 50-basispunte verlaging in die repo-koers wat deur die Reserwe Bank se President aangekondig is, sal goeie nuus vir diegene met skuld wees (nie sulke goeie nuus vir diegene met surplus fondse en beleggings nie). Dit bring die koers af na die laagste punt in dertig jaar. Daar word gehoop dat hierdie besparings aangewend sal word om verder die skuldlaste te verminder – Suid-Afrikaners het van die meeste skuld in die wêreld.

## GEPAK EN VERSKEEP

2010 het 'n rekord uitvoeroes opgelewer - 99 miljoen kartonne is gepak en vir uitvoer goedgekeur. As hierdie jaar met die laaste rekord (2008) vergelyk word sien ons interessante feite. In wese is die hoeveelheid pomelo's, suurlemoene en sagte sitrus baie dieselfde as in 2008 – dit is lemoene wat vir die toename verantwoordelik was. Noemenswaardig is dat daar eintlik 'n afname in uitvoere na ons tradisionele markte (VK en Kontinentale Europa) oor alle sitrusgroepe was. Clem Sunter praat van 'n "V" vormige resessie in ontwikkelende ekonomiee (veral in die Ooste) d.i. 'n skerp daling in resessie en 'n vinnige herstel; teenoor 'n "U"-vorm in ontwikkelde ekonomiee – d.i. 'n langer periode in resessie. As sitrus dien as maatstaf vir resessie dan blyk dit dat daar 'n herstel in die Ooste, Midde-Ooste en Oos-Europa was terwyl 'n trae aanvraag in Europa, VK en Japan voortduur. Bykomend maak die VK supermarkte se obsessie met afslag en die verspreiding van privaat standaarde en vereistes ander markte meer aanloklik. Uitvoerders kla nie oor hierdie vereistes nie, hul soek net vir ander markte wat makliker is om besigheid mee te doen en waar verdienstes beter is.

| | POMELO'S | | | SAGTE SITRUS | | | SUURLEMOENE | | | LEMOENE | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2008 | 2010 | Verskil | 2008 | 2010 | Verskil | 2008 | 2010 | Verskil | 2008 | |
| Amerika's | 288 970 | 295 574 | 6 604 | 675 625 | 777 905 | 102 280 | 131 025 | 97 580 | -33 445 | 4 125 940 | 4 00 |
| Midde-Ooste | 233 630 | 329 068 | 95 438 | 523 335 | 682 370 | 159 035 | 3 247 070 | 3 634 668 | 387 598 | 12 737 480 | 16 77 |
| Verre Ooste/Asië | 4 214 300 | 3 920 346 | -293 954 | 345 020 | 421 850 | 76 830 | 1 027 635 | 860 746 | -166 889 | 6 125 490 | 7 63 |
| Europa | 5 864 350 | 5 312 284 | -552 066 | 1 606 855 | 1 495 155 | -111 700 | 2 827 700 | 2 098 940 | -728 760 | 26 519 960 | 24 76 |
| VK | 985 730 | 828 710 | -157 020 | 3 121 080 | 2 824 625 | -296 455 | 1 560 310 | 1 189 726 | -370 584 | 6 293 630 | 5 04 |
| Rusland | 1 097 800 | 1 493 610 | 395 810 | 643 850 | 774 725 | 130 875 | 482 165 | 1 412 838 | 930 673 | 7 676 760 | 9 77 |
| Afrika | 48 170 | 28 210 | -19 960 | 108 305 | 136 930 | 28 625 | 90 300 | 115 080 | 24 780 | 753 410 | 76 |
| Totaal | 12 732 950 | 12 207 802 | -525 148 | 7 024 070 | 7 113 560 | 89 490 | 9 366 205 | 9 409 578 | 43 373 | 64 232 670 | 68 76 |

**PRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR DIE AKTIWITEITE VAN DIE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION, SITRUS AKADEMIE EN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL**